NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

DRAMATIESE KUNSTE

Tyd: 3 uur 150 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Die vraestel is in twee afdelings verdeel. Jy moet **ALBEI** afdelings beantwoord:

   AFDELING A: **DRAMAS EN OPVOERING IN KONTEKS**
   Vraag 1: *The Caucasian Chalk Circle* – Bertolt Brecht
   Vraag 2: Suid-Afrikaanse Teater – EEN van die volgende toneelstukke moet gekies word:
   - ***Sizwe Bansi Is Dead* – Fugard, Kani, Ntshona**
   - ***The Island* – Fugard, Kani, Ntshona**
   - ***My Life* – Fugard en geselskap**

   AFDELING B: **OPSTEL**
   Vraag 3

3. Nommer jou antwoorde PRESIES soos die vrae genommer is.

4. Die puntetoekenning per vraag is 'n riglyn vir die mate van besonderhede en volledigheid wat in jou antwoord verlang word.

5. Onafhanklike, kreatiewe denke en die toepassing van kennis sal tot jou voordeel strek.

6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

IEB Copyright © 2020

AFDELING A DRAMAS EN OPVOERING IN KONTEKS

VRAAG 1 *THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE* – BERTOLT BRECHT

1.1 INVLOEDE

1.1.1 Kies EEN sosiopolitieke aspek en EEN kunsbeweging in die volgende tabel en verskaf 'n kort beskrywing van elkeen.

SOSIOPOLITIEKE ASPEK	KUNSBEWEGING
Tweede Wêreldoorlog	Ekspressionisme
Naziïsme	Chinese Teater
Kapitalisme vs. Kommunisme	Agitpropteater

(4)

1.1.2 Identifiseer voorbeelde in *The Caucasian Chalk Circle* wat EEN sosiopolitieke aspek en EEN kunsbeweging wat jy in Vraag 1.1.1 gekies het, blootlê. (4)

1.1.3 Evalueer hoe die gebruik van elk van hierdie voorbeelde Brecht se globale dramatiese oogmerke bereik. (6)

1.2 OPVOERING

Lees die uittreksel hieronder en op die volgende bladsy en beantwoord die vrae wat volg. Die uittreksel kom uit **Toneel 4: "In the Northern Mountains"**.

THE MONK:
Are you prepared to be a faithful, obedient, and good wife to this man and to cleave to him until death you do part?

GRUSHA:
(Looking at the child) Yes.

THE MONK:
(To the dying man) And are you prepared to be a good husband and provider to this woman until death you do part?
(When the dying man does not answer, the monk repeats his question and looks around)

THE MOTHER-IN-LAW:
Of course he is. Didn't you hear him say yes?

THE MONK:
All right, we declare the marriage concluded. But how about extreme unction?

THE MOTHER-IN-LAW:
Nothing doing. The marriage cost enough. Now I've got to attend to the mourners. *(To Lavrenti)* Did we say seven hundred?

IEB Copyright © 2020

LAVRENTI:

Six hundred. *(He gives her the money)* I won't sit down with the guests. I might make friends with somebody. So good-bye, Grusha, and if my widowed sister comes to see me one of these days, my wife will bid her welcome, or she'll hear from me.
(He goes. The mourners look after him indifferently as he passes through.)

THE MONK:

And may one ask who this child is?

THE MOTHER-IN-LAW:

A child? I don't see any child. And you don't see one either. Understand? Or maybe I'll have seen certain goings-on behind the tavern. Come along now.
(They go into the other room, after Grusha has set the child on the floor and told him to keep quiet. She is introduced to the neighbours.)

THE MOTHER-IN-LAW:

This is my daughter-in-law. She was just in time to find our dear Yussup alive.

1.2.1 Verbeel jou jy regisseer hierdie toneel. Die aktrise wat THE MOTHER-IN-LAW speel, het aantekeninge nodig oor hoe om haar karakter uit te beeld.

(a) Verduidelik hoekom die karakter "THE MOTHER-IN-LAW" genoem word. (2)

(b) Beskryf die aard van die karakter en motiveer jou punte deur na die teks te verwys. (4)

(c) Adviseer die aktrise wat THE MOTHER-IN-LAW speel oor hoe sy gestus kan aanwend om haar karakter te vertolk. (6)

1.2.2 Bespreek in 'n kort opstel van ongeveer EEN bladsy (±250 woorde), hoe jy die uittreksel sal opvoer ten einde Brecht se oogmerke van Epiese Teater te versterk. Jou bespreking moet TWEE of meer van die volgende aspekte insluit:

- die gebruik van spass
- die gebruik van musiek
- die gebruik van die ensemble (die KOOR en die ROUBEKLAERS) (15)

IEB Copyright © 2020

1.3 TONEELSKIKKING

Kyk na die onderstaande beeld en beantwoord die vrae wat volg:

The Caucasian Chalk Circle vind in verskeie liggings plaas. Verduidelik hoe jy die bostaande verhoog sal aanpas om die volgende plekke voor te stel:

- buite die kerk op Paassondag
- SIMON wat van die oorlog terugkeer om GRUSHA aan die ander kant van die rivier te vind (8)

1.4 TAAL

Lees die onderstaande aanhaling en beantwoord die vraag wat volg:

> "Kuns is nie 'n spieël wat voor realiteit gehou word nie, maar 'n hamer om dit mee te vorm."
>
> – **Bertolt Brecht**

Evalueer hoe Brecht taal gebruik as "'n hamer om [realiteit] mee te vorm". (6)

[55]

IEB Copyright © 2020

VRAAG 2 SUID-AFRIKAANSE TEATER

In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende toneelstukke verwys:

- *The Island*
- *Sizwe Bansi Is Dead*
- *My Life*

2.1 RELEVANSIE, TEMAS, BEMARKING EN VOORBEREIDING

2.1.1 Jy beplan om 'n opvoering van die toneelstuk te regisseer as deel van 'n Versoeningsdagviering by jou skool. Skryf jou antwoord op die volgende vrae neer.

(a) Verduidelik hoekom 'n produksie van jou gekose drama GESKIK IS vir so 'n viering. Verwys na die temas in die teks om jou argument te ondersteun. (8)

(b) Lewer kommentaar oor die taal van jou gekose drama volgens die volgende kolpunte:

- 'n Bespreking van die styl van die taal
- Of die taal gemoderniseer moet word vir 'n 21^{e}-eeuse gehoor. (6)

(c) Adviseer waar in die skool jy dink die geskikste ruimte sal wees om die toneelstuk op te voer. Verwys na die volgende in jou antwoord:

- 'n Beskrywing van die ruimte
- TWEE oomblikke in jou gekose toneelstuk wat besonder goed sal werk in die ruimte wat jy gekies het (8)

(d) Skep 'n toepaslike subhofie ('n onderskrif vir die titel van die drama) vir 'n strooibiljet wat die kern van die toneelstuk sal vasvang en gehore sal lok. (2)

(e) Motiveer hoekom jou subhofie doeltreffend is. Jy moet jou antwoord met verwysing na die drama se boodskap ondersteun. (2)

(f) Motiveer watter TWEE ANDER besonderhede jy op die strooibiljet sal insluit. (4)

2.1.2 Jy beplan om leerders van jou skool as toneelspelers te gebruik. Vergelyk die kreatiewe proses van die oorspronklike medewerkers met die een wat jy en die toneelspelers by jou skool moontlik kan ervaar. (10)

IEB Copyright © 2020

2.2 SOSIOPOLITIEKE KONTEKS

Lees die volgende aanhaling.

> "Indien mens 'n ware Suid-Afrikaanse storie vertel, sal dit polities wees — want dit gaan oor mense wat politieke lewens lei in 'n omgewing wat uiters polities gelaai is."
>
> – **Zakes Mda**

In 'n kort opstel van ongeveer 250 woorde (±1 bladsy), bespreek die geldigheid van die bostaande aanhaling met betrekking tot die drama wat jy bestudeer het. Jou opstel moet die volgende aspekte dek:

- sosiopolitieke konteks
- karakters (15)

[55]

110 punte

IEB Copyright © 2020

AFDELING B DRAMATIESE ONTLEDING

VRAAG 3 OPSTEL

Hierdie afdeling ondersoek TWEE van die volgende voorgeskrewe tekste:

***The Caucasian Chalk Circle* – Bertolt Brecht**

EN

Een van die Athol Fugard tekste hieronder:

- ***The Island* OF**
- ***Sizwe Bansi Is Dead* OF**
- ***My Life***

Verwys na die onderstaande aanhaling en beantwoord die vraag wat volg:

> *"Dit is op die verhoog waar die drome van dramaturge werklikheid word. Ideale word in die beligting uitgebeeld; boodskappe word in die toneelskikking gekommunikeer; en verandering word deur die interpretasie van die karakters op die verhoog aangemoedig."*

In 'n opstel van ongeveer twee tot drie bladsye (±500–600 woorde), bespreek hoe die dramaturge se bedoelings van die dramas wat jy bestudeer het, doeltreffend in die opvoering daarvan verwesenlik word.

Jou opstel moet op die volgende aspekte fokus:

- dramaturge se bedoelings
- opvoeringstyl
- enscenering

[10 punte: struktuur van opstel + 30 punte: inhoud van opstel]

40 punte

Totaal: 150 punte

IEB Copyright © 2020